

## Sing vooraf staande: Psalm 51:3 (p. 261)

- 3 Dis nie dié sonde alleen wat roep om straf: / ek is in ongeregtigheid gebore,  
en lê voor U in doemskuld gans verlore / al van die uur van my ontvang'nis af.  
U eis is waarheid in my binnest', HEER; / en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!  
Daal af in my verborge diepte en leer / my daar u wysheid, diep en menigvuldig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.  
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.  
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde  
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

## Gebed

- **Doksologie:**
  - **Aanbidding:**
  - **Skuldbelydenis:**
  - **Vergifnis:**
  - **Dank:**
  - **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
  - **Algemene bede:**
  - **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**
- Amen.

## Psalm 25:9 (p. 117)

- 9 Slaan op my ellende u oë, / hoor my, HEER, uit medely;  
neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my!  
HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig,  
want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Skriflesing: Psalm 32

Teks: Psalm 32:1; Kategismus Sondag 51

**Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie,  
wie se sondes vergewe word. (Psalm 32:1 AFR53)**

Die vyfde bede van die *Onse Vader* is:

- vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
- Hierdie preek handel net oor die eerste gedeelte van die bede, naamlik: vergewe ons ons skulde.

## 1. Wie vergewe sondes?

## 2. Hoe lyk ons werklik?

### 1. Wie vergewe sondes?

Dié psalm sing dat die mens salig is wie se sondes vergewe is.

- Die klem val op *vergewe is*.
- Het u al opgelet dat daar geen psalm of enige gedeeltes in die Bybel is wat sê dat iemand salig is wat sy eie skulde by die Here betaal het nie?

Waarom nie? Dis omdat betaling alleen kan plaasvind wanneer daar reg geskied aan die sondes wat gepleeg is.

- Dit word alleen deur die wet en die reg van God bepaal.
- Geen mens kan daarin 'n inset lewer of iets daaraan verander nie.
- Geen gewone mens kan betaal nie – daarom is daar geen mens wat sy eie saligheid kan bewerk met sy eie betaling nie.

Tog is dit 'n feit dat ons vergifnis van sondes kry. Psalm 32 sing daarvan. Hoe kry ons dan vergifnis?

- Vergewing van ons sondes is alleen uit genade deur die bloed van Jesus Christus.
- Daarom kry God alleen die eer vir ons redding, want Hy alleen besluit daarvoor deur die genade van Jesus Christus.

As ons so na die saak kyk, dan beseft ons dat hierdie deel van ons gebed, naamlik **vergewe ons ons skulde** uiters belangrik is

- Daarom staan dit ook in die *Onse Vader* direk langs **gee ons vandag ons daaglikse brood**.
- Net soos wat ons kos en klere nodig het om te kan bestaan, het ons die vergewing van ons sondes ook nodig om te kan bestaan, veral in die hiernamaals.

Ons moet egter duidelik verstaan dat hierdie deel van ons gebed nie maar 'n soort van *hoop dit tref* gebed is nie.

- Dit is 'n gebed wat met sy voete in lewende hoop staan.
- Daar staan in Johannes 1:16 dat ons uit die oorfloed van Jesus Christus genade op genade ontvang.

## 2. Hoe lyk ons werklik?

Dis nie lekker om eerlik met jouself te wees oor wie en wat jy werklik is nie.

- Maar as ons in ons verlossing uit die dood vordering wil maak, moet mens maar die dapperheid aan die dag lê en na jouself gaan kyk soos wat jy werklik voor die Here lyk.
- Dan kan jy ook van jou kant af iets aan die saak doen.

Daar is nie een mens wat homself 'n volmaakte heilige kan noem nie.

- Ons is uit onself arm sondaars – arm aan regverdigheid en volmaaktheid.
- Ons is arm aan gehoorsaamheid.
- Uit onself het ons niks anders nie as 'n groot sondeskuldrekening om te betaal.

Die hele ding is eintlik 'n baie groot probleem, want dis nie so dat mens 'n klomp verkeerde dinge in jou verlede gedoen het, en nou het die hele aangeleentheid gestabiliseer nie – so asof jy net lankal se dinge het om saam te dra nie.

- Nee, ons probleem word elke dag groter, want elke dag doen ons nog meer verkeerde dinge.
- Ons sit dus met groeiende armoede, want ons sonderekening klim daagliks by die Here.
- Geen mens kan 'n groter probleem hê as dit nie. Dis waarom Psalm 32 sê dat (slegs) iemand wie se sondes vergewe is, werklik salig is!

Wat maak mense van hierdie hele toestand? Hulle reageer op twee maniere.

- Die ongelowiges (dit sluit die halfgelowiges en valse gelowiges in) bekommer hulle net mooi niks hieroor nie, of hulle stel vir hulle 'n verlossingsleer saam wat hulle pas.
  - Die onbekeerde mens vergeet ook gewoonlik baie gou van al sy sondes.
- Die ware gelowiges reageer op presies die teenoorgestelde manier.
  - Die kwessie van sy sondes kwel hom.
  - Dis ook waarom die ware gelowige voortdurend smeek dat die Here hom hierdie geweldige sondeskuld moet vergewe.

Die ware gelowige het werklik leed en hartseer oor sy sondes.

- Hy beleef verdriet omdat hy nie teen die aanslae van die sonde altyd op sy voete kan bly nie.
- So 'n mens voel hoe sy sondes hom neerdruk.
- Die asof mens dit beleef dat jy voor die Here se voete wil neerval en smeek vir genade, soos wat die mense dit in die Bybeltyd gedoen het.

Die feit is net dat geen mens sy sonde kan ontken nie.

- Dink maar net aan die volop sondes wat baie voorkom soos hoogmoed, gierigheid, onbarmhartigheid, wellus, leuens en laster.
- Dis nie een 'n sonde wat die Here vir ons uitdink nie, dis alles dinge waaraan ons onself skuldig maak.

*Maar daar is 'n pad uit hierdie toestand uit.*

- *Dis die pad van sondevergifnis.*
- *Daarmee saam gaan geloof en bekering deur God se groot genade.*

Elke mens wat die Here werklik ken, wil heilig lewe.

- Hy gaan sy koers soek in die lig van die heiligheid en die weg van God.
- Dis ook nie so 'n onbereikbare pad nie, want die Here self het hierdie pad vir ons oopgemaak in die versoening deur die bloed van Jesus Christus.
- Hy het ons in Jesus Christus sy kinders gemaak.

Daarom sit daar tog seën in ons toestand, want elke mens wat sy skuld opreg voor die Here gaan bely, is 'n kind van God.

- Elke mens wat deur sy geestelike armoede verleë gemaak word, en wat daarom biddend na God toe gedryf word, kan seker weet dat hy by God vergifnis van sy sondes kry.

As mens kyk na koning Dawid, dan sien ons hierdie hele ding baie duidelik.

- Dawid het gelieg, owerspel gepleeg, geveins en mense doodgemaak.
- Maar tog sê die Here dis 'n man na sy hart, want Dawid kon elke keer op sy knieë na God toe teruggaan met berou en bekering.
- Paulus noem hierdie verkeerde dinge wat mens oorkom, die werke van die ou mens.

Ons is nie meer ou sondige mense nie, want in die Here Jesus Christus is die ou mens onttroon. Maar die ou mens leef nog.

- Ons moet daarom dit ons saak maak om ook as nuwe mense in Christus weg te breek van die lewenstyl van die ou mens.
- Op dié manier kan ons die sondige ou mens in ons deur bekering en wedergeboorte van sy heerskappy oor ons lewens beroof.

Dit onderstreep net weer die feit dat ons elke dag van ons lewe wakker en biddend moet leef.

Dawid was met al sy sondes by die Here 'n liefingmens.

- Dis ons troos ook, want Dawid kon dit wees in die verdienste van die Messias van wie hy in sy psalms so baie profeteer.
- Die Messias is die Christus wat tussen ons en die Here kom inskuif het – Hy het die volle toorn en straf van die Here oor ons sondes en armoede in die geloof gedra.
- God het Hom gestraf totdat Hy gesterf het sodat die Here ons ons sondes kan vergewe.

Nou **is** dit vergewe. Nou **is** ons herskep in die Here Jesus Christus.

- Leef met die troos dat die Here u werklik u sondes vergewe het en dan leef u as Christene soos die mense wat Christus u nou gemaak het – skoon gewas met sy bloed, aangeneem tot kinders van die almagtige God.

Kom ons lees saam wat in ons belydenis staan in die Heidelbergse Kategismus Sondag 51:

**Vraag 126: Wat is die vyfde bede?**

**Antwoord:** *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).*

*(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14*

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 65:2 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;  
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.  
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;  
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 10 Maart 2013